# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**24 MEI 2026 | JOHANNES 7:37-39**

1. **Beweging 1:**

a. Verwelkom elkeen in die groep en vind uit watter gebeure vandag in die groep gevier moet word.

b. Word 'n oomblik stil om bewus te word van God, mekaar en ons omgewing. Laat ons asemhaling ons herinner aan God wat lewe gee... Laat ons bewus wees van elkeen se teenwoordigheid – in besonder elkeen as God se geliefde kind... Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt... Wat druk God vanaand op jou hart?

c. Open met gebed

**2. Beweging 2:**

Op die laaste dag van die Huttefees in Jerusalem het Jesus opgestaan met die uitnodiging aan almal wat dors het om na Hom toe te kom om te drink. Lees saam uit Johannes 7:37-39

**3. Beweging 3: Die waterritueel**

Vir die eerste ses dae tydens die Tabernakelfees is 'n goue fles volgemaak met water afkomstig van die bad van Siloam. Met hulle aankoms by die tempel is die ramshoring by die Waterpoort geblaas en by die tempel is die Hallel gesing. Die mense en priesters het ook bondels palmtakke geskud. Die fles is na die priester by die altaar geneem waar twee silwer bakke was, een vir water en die ander vir wyn. Die bakke is oor die altaar uitgegiet. Op die sewende dag was daar 'n sewemalige prosessie om die altaar. Die geloof was dat die Messias water sal voorsien.

a. Gesels oor die betekenis van water in ons lewens. Dalk 'n keer toe jy dankbaar was vir 'n slukkie water... Dink ook aan die onlangse vloede en die mag en krag van water.

b. Kan ons 'n planeet sonder water indink? Sou daar enige lewe kon wees?

**4. Beweging 4: 'n Ander lewensbron**

Jesus word uitgebeeld as die vervulling van die Tabernakelfees.

Hy kondig aan dat Hy die Een is wat water kan voorsien, per implikasie die Messias. Hy is egter 'n ander soort Messias. Water is soms gebruik as simbool vir die Heilige Gees. In Joodse kontekste is na die gebruik van water trek verwys as 'n manier om deel te neem aan die Gees. Johannes keer die gedagte om dat die Gees nie beperk is nie, maar toeganklik is in Jesus. Enigeen kan op enige plek deur Jesus toegang tot die Heilige Gees hê.

a. Dink aan tekste in die Bybel wat met water te doen het. Ek dink bv. aan Eseg. 47.

b. Hoe het ons vir Jesus in ons lewens nodig – soos water?

c. Hoe het ons die Heilige Gees in ons lewens nodig – soos water?

d. Wat doen water as simbool van God se werk in ons lewens?

e. Hoe kan ons deel wees van God se stroom lewende water deur die wêreld?

**5. Beweging 5: Vanuit die maag**

Die maag is simbool van die mens se persoonlikheid. Johannes stel letterlik die frase van 'n rivier "vanuit die maag" vir iemand wat in Jesus glo. Die tradisie van God wat water uit 'n klip laat vloei, speel 'n rol hier. Dit was een van die tradisies wat die heel meeste in katakombes geverf is en was 'n besonder gewilde tradisie.

a. Hoe is hierdie beeld op ons van toepassing? Wat beteken hierdie oorvloed in ons lewens?

b. Wat beteken die feit dat die Gees aan ons gegee is om in ons te woon, vir julle?

**6. Beweging 6: Aankondigings:**

a. Onthou ons basaar: Vrydag, 29 Mei vanaf 12:00. Kom kuier, koop en kou!

b. As julle as kleingroep nog iewers by die basaar betrokke wil raak of wil help – die Jaffle-stalletjie kan doen met nog 'n paar hande – asseblief. Kontak sommer direk vir Eugene: 0832998100